

7 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 16 - 18

God voer heerskappy oor die hele lewe

Dit lyk of hierdie drie hoofstukke nie by mekaar pas nie. Tog wel! Hier word drie groot feeste genoem wat Israel moes vier. Dit was feeste waardeur die daede van God in herinnering geroep is en waardeur Hy vereer is: Die Paasfees herdenk daardie wonderlike bevryding uit die slawehuis van Egipte. Dit sou uiteindelik die Christus-fees word: Die herdenking van die kruisdood van Jesus tot bevryding van sondaars. Die fees van die weke: Sewe weke nadat die oes begin is – op die vyftigste dag – is hierdie dankfees gevier. Later het dit die naam 'Pinksterfees' gekry – fees van die vyftigste dag. Toe kon Israel hulle verlustig in die arbeid van hulle hande. Vyftig dae na die Paasfees kry ons die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster – die voltooiing van die werk waarvoor Jesus gekom het. Die Loofhuttefees (oesfees) herinner aan die hutte waarin Israel tydens die woestyntog gebly het. Daar het die Here gesorg. Nou, na die oes, moes hulle ook bly wees in die Here wat steeds vir hulle sorg.

Maar daar is ook bepalings oor Israel se regters (16:18-20); die hof en konings (17:14-20); priesters (18:18) en profete (19:9-22). God is die gesagvoerder oor godsdiens, politiek en die sosiale lewe. Die hele lewe behoort aan Hom. Of jy daarom fees vier, politiek bedrywe of wat ookal doen, jy moet Hom steeds erken as die een om wie alles gaan. Dan eer jy Hom nie net in jou fees nie, maar in alles wat jy doen.

Sing: Psalm 99:1

Ds LD Aucamp (Cullinan)